

Waarom o God?

Waarom laat God dit toe dat die lewe soms so verbysterend en so meedoënloos, genadeloos hard neerkom op mense? Werk God volgens 'n skema: Oorsaak is sonde, gevolg is wonde? Maar waar is die genade dan as dit volgens verdienste moet gaan? Dan word godsdiens 'prestasie-godsdiens'. Dit kom neer op vergeldings- en vergoedings-teologie. God vergeld as jy verkeerd doen en God vergoed as jy goed doen. Dan is God 'n 'kersvader' wat geskenkies uitdeel vir mooi dade en pakslae vir slegte gedrag en dade.

In die soeke na antwoorde op al die vrae sal dit 'n tevergeefse poging wees om met dogmatiese handboeke of teologies uitgewerkte referate antwoorde te probeer gee. Wat help 'n hele klomp 'antwoorde' jou per slot van sake as jy nog maar steeds in die ellende bly sit met sogenaamde 'antwoorde'? Waaraan ons behoefte het is insig wat jou met God laat leef en in die geloof laat oorwin.

Om te glo is nie 'n lafhartige wegvlug van die lewensvrae nie. Geloof is om die waarheidsfeit te erken dat daar 'n ander werklikheid is as dié wat ons waarneem - die werklikheid van die onsigbare lewende God. Hy is soewerein en Hy kan maak soos Hy wil (Job 9:13). God gee nie verklarings vir sy dade nie. Niks of niemand kan Hom tot verantwoording roep nie. Sy doen en late val buite enige menslike, logiese verklaringsbeginsels of -raamwerk. God sê dat Hy die volstruis dom gemaak het, en wat daarvan (Job 39:20).

Ons moenie vra 'waarom'? nie, maar 'waartoe'? (Joh. 9:3). Hoe vreemd dit ook al mag klink: God beproef ons sodat ons Hom reg sal ken en verheerlik as die almagtige én die genadige God en Vader van ons Here Jesus Christus.